


1. Pas elke woord in kolom A by die regte beskrywing in kolom B

Kolom A	Kolom B
Ledemate	Die verskillende dele van iets.
Struktuur	Dele van die liggaam wat vir sien, ruik, proe, hoor en voel gebruik word.
Waarneming	Liggaamsdele wat vir beweging gebruik word.
Sensoriese organe	Gebruik jou sintuie om inligting oor iets uit te vind.

2. Identifiseer en skryf die name van die dele van die akkedis neer:



2.1 ore

2.2 liggaam

2.3 ledemate

2.4 stert

3. Verduidelik kortliks waarvoor die akkedis sy stert gebruik?

'n Akkedis gebruik sy stert om roofdiere se aandag af te lei. As 'n akkedis aangeval word, val sy stert af sodat die akkedis kan wegkom terwyl die roofdier agter die stert aangaan.

4. Voltooi die tabel om die verskille tussen 'n leeu en 'n pou te vergelyk.



	Leeu	Pou
Tipe en aantal ledemate	4 bene	2 pote
Ligaamsbedekking	hare	vere
Hoe lok hulle 'n maat?	'n Leeu lok 'n wyfie met sy maanhare.	'n Pou lok 'n wyfie met sy stert.

5. Kies die korrekte woord uit die blok hieronder om elke sin waar te maak.

stert	dier	kop	ledemate	liggaam	voeding	ore
-------	------	-----	----------	---------	---------	-----

WorksheetCloud: MEMORANDUM  
Graad: 4  
Leerarea: Natuurwetenskappe  
Onderwerp: Die strukture van diere

5.1 Die **liggaam** bevat die organe soos die hart en die maag.

5.2 In meeste diere het die kop 'n brein, sensoriese organe en die **voeding**strukture.

5.3. Meeste diere het 'n **stert** aan die agterent van hul liggame.

6. Noem een rede waarom diere kamouflering gebruik.

**Diere moet met hul omgewing saamsmelt om weg te kruip vir roofdiere of om hulself te kamoefleer sodat hul prooi hulle nie kan sien nie.**

7. Bestudeer die prent en kies die korrekte sin wat die prent beskryf.

a. Die muis is die roofdier en die uil is die prooi.

**b. Die uil is die roofdier en die muis is die prooi.**



8. Noem twee dinge waarmee die vis se stert hom help.

**Die stert help die vis om in verskillende rigtings te beweeg.**

**Die stert help ook om die vis regop te hou.**